menlo-insig

32/2024

7 November 2024

## LIEWE MENLO







Twee weke gelede lui die foon onverwags in die Insig-kantoor. "Hallo daar," sê die stem. "Ek skakel van Laer-skool Menlopark. Die matriekeksamen begin amper. Ons bring 'n paar graadeens om die graad 12's sterkte toe te wens."

'n Week later is dit sulke tyd. 'n Klompie graadeens daag met sakke vol sjokolade by die skool op om die matrieks te woord te staan. Vir die haasbekkies voel matriek ligjare ver – 'n misterie wat 'n mens eers verken as jy *groot* is. Toe die besoekers die mikrofoon manhaftig opneem, kies my gedagtes koers. Dit dwaal onwillekeurig deur die kronkels van my eie kind se skoolloopbaan en skielik staan ek voor 'n kruispad: Waar is die tyd heen?

Die antwoord op enige navorsingsvraag is in syfers gegrond en daarom wend ek my na statistiek om 'n skoolloopbaan – daardie wilde tuimeltreinrit waartydens 'n kleuter in 'n jong volwassene verander – in perspektief te stel…

48 kwartale

12 Desembervakansies

19 eksamens

12 sportseisoene

1 graad 7-afskeid

1 graad 10-bal

2 Parkie-balle

1 matriekafskeid…

Tussen die definisie van 'n nedersetting, die bou van 'n hyskraan en die skilder van 'n kunsprojek wonder 'n mens soms of jou kind die paal sal haal, maar skielik, op 'n dag, skuif jy (letterlik) oor om die stuurwiel aan hulle oor te gee (dit is absolut vreesaanjaend, maar wel 'n storie vir 'n ander dag).

Daardie dag kom vinnig. Koester elke oomblik.

*Terloops, die Insig verbreek vandag 'n reël, want persoonlike voornaamwoorde word gewoonlik vermy. Insig 32 van 2024 is egter 'n uitsondering, want die Insig het ook vanjaar 'n matrikulant in die huis en daardie einste matrikulant was net gister in graad een.*

NS: Ons sien daarna uit om die Matrieks van 2036 in 2031 op Menlo-bodem te ontvang. #jouplekisMenlo

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus na 082 579 4968.

**Teks: 1 Johannes 2:16-17 (Boodskap)**

Maar onthou dit: die aardse dinge is net tydelik. Daarom is al die begeertes daarna ook maar net 'n gejaag na wind. Maar die persoon wat doen wat God vra se pad loop saam met God die ewigheid in.

## DAGBOEK

**Dinsdag, 19 November 2024**

**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2025 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2025 deur middel van 'n stemproses goed te keur.




## AKADEMIE



**Parkies sê JA vir nasionale NW-ekspo**

Die NW-ekspo staan nie verniet as SA-YESS (South African Youth Engineering and Science Symposium) bekend nie, want talle Menloparkers het dié uitdaging vanjaar aanvaar. Die beoordelaars het op hulle beurt ook JA vir Menlo gesê. Die uiteinde van die eksperiment is dat ses leerders vanjaar aan die nasionale ronde van hierdie ekspo sal deelneem.

Die kompetisie vind vroeg in Desember plaas en die Insig vertrou dat deelname aan 'n internasionale ekspo ook vir hierdie Parkies wink.

Baie geluk aan die volgende leerders: Dea Higgins, Ruben Janse van Rensburg, Selie de Villiers, Jan-Ernst Weilbach, Luané Erasmus en Kian Muller.

South African Youth Engineering & Science Symposium

# AKADEMIE

## Parkie-slimkop behaal gesogte sertifikaat

Zoë Wise (graad 12) het onlangs die gesogte Goethe Zertifikat B2-eksamen afgelê en met vlieënde vaandels geslaag!

Duitse universiteite aanvaar ons Nasionale Senior Sertifikaat as toelating tot 'n Duitse universiteit en met hierdie taalsertifikaat in die hand, is buitelanders soos ons ook op gratis studies aan universiteite van hul keuse geregtig. Die meeste kursusse het ook 'n Engelse been waar alle klasse in Engels aangebied word en vraestelle in Engels beantwoord mag word.

Zoë wil eers volgende jaar by "Europapark" gaan werk en beplan daarna 'n graad in Sielkunde in Duitsland.






## Tydens Duitsperiodes leer die graad 9's van naamvalle en ....

... om brezels te bak. Op 'n vraag aan Google om asseblief aan die Insig te verduidelik presies wat 'n brezel is, is die volgende antwoord voorsien.

*Een Brezel, ook wel bekend als een pretzel, is een traditioneel Duits gebakken deegsnack in de vorm van een geknoopte lus. Het heeft een knapperige buitenkant en een zachte binnenkant. Brezels zijn geliefd over de hele wereld vanwege hun unieke vorm en heerlijke smaak. Ze worden vaak geserveerd als snacks, bijgerechten of zelfs als ontbijt.*

***De geschiedenis van de Brezel***

*De oorsprong van de brezel gaat terug tot in de vroege Middeleeuwen in Europa, waar het werd gemaakt door monniken. Het staat bekend als een symbool van geloof en spiritualiteit, met zijn karakteristieke geknoopte vorm die lijkt op gevouwen handen tijdens het gebed. Later verspreidde het zich over heel Europa en werd het een populair straatvoedsel.*

Die Insig sien daarna uit om in die nuwe jaar oor Nina, Zané, Annika en Danielle se brezelervarings te berig.








## Deutschland, hier kommen wir!






Agter die deur in die Duitse klas hang 'n groot kaart van Duitsland waarop bykans 40 pienk sterretjies geplak is. So begin elke uitruilstudent se reis na Duitsland. Sodra jy weet waar jou gasgesin woon, skryf jy jou naam op 'n sterretjie en plak dit tydens die "sterretjieseremonie" op die regte plek op die kaart.

So het vier blinknuwe sterretjies hierdie week hulle verskyning gemaak. Baie geluk aan Nina Dicks wat gekeur is om aan die sesweekuitruilprogram deel te neem en reeds op 27 November die hitte van 'n Afrika-somer vir 'n ysige feesseisoen in Duitsland verruil. Zané Smit, Annika Stoman en Danielle Kohlmeyer is kort op Nina se hakke en sal twee weker later, vir deelname aan die vierweekprogram, na Duitsland reis.

Of jy nou saam met jou gasgesin leer ysskaats op die stadsmeer, "Stille Nacht, heilige Nacht" in 'n 700 jaar oue katedraal sing, of "Bratwurst" en "Glühwein" geniet terwyl die sneeu saggies om jou by die Kersmark sif, die program bied ongelooflike geleenthede vir persoonlike groei en ontwikkeling. Die selfvertroue en nuutverworwe kennis van moderne Duits is eenvoudig "absolut wunderbar"!

Ons beste wense vergesel hierdie dapper jong dames!

# AKADEMIE

## Parkies is gebalanseerd, maar wag! Die Franse…

… is bedrywig! ’n Mens kan nie ’n eksamen sonder sosiale afleiding aandurf nie; daarom het die Fransleerders 2024 met ’n pique-nique, croissants en croque-monsieurs afgesluit – net die regte doepa om die leerders vir die DELF-eksamen voor te berei.

Arno Klerck, Kayleigh Rippel en Cara Breet (graad 12) het vanjaar weereens gewys van watter stoffasie ’n Parkie gemaak is. Asof die eindeksamen nie reeds genoeg uitdagings bied nie, het die driemanskap besluit om vir die DELF B1 internasionale Franse-eksamen by die Alliance Française aan te tree. Bravo bravo bravo! En in Afrikaans… Hou bene hou!




## Menlo-musici sluit 2024 op hoë noot af




Menlo se musiek-akademie het 2024 onlangs op die maat van die mooiste mooiste maand afgesluit en die gehoor met die vrug van die jaar se arbeid betower. Die konsert was ’n viering van Menlo-talent en is in die vorm van ’n gesellige piekniek aangebied.

Die musici en musiekonderwysers verdien ’n pluimpie vir hulle toewyding en harde werk. Baie dankie aan mnr. Lourens de Jager vir die organisasie van hierdie spesiale geleentheid, die klankingenieur en videograaf, Pieter Botha, vir die klankopnames.

Ons maak gou weer so.



# SPORT EN KULTUUR

## Menlo-sport en -kultuur vir oulaas gevier

Dit is tradisie om die jaar se hoogtepunte met 'n gesellige prysuitdelingsfunksie te vier. Daar is reeds oor die meeste funksies berig, maar enkele prysuitdelings is eers onlangs afgehandel. Die Insig berig graag oor die laaste funksies deur 'n allegaartjie-opsomming van die prestasies te gee.




### Perdry

**Nuweling van die Jaar**
Dea Higgins

**Beste spangees**
Annebell Pienaar

**Beste vordering**
Paige Cronje

**Positivitum** *(Positiwiteit, geduld en deursettingsvermoë te midde van terugslae)*
Inge Higgins

**Veelsydigste ruiter**
Ziané van den Berg

**Ruiter van die jaar: kernliga**
Mieke van den Berg

**Ruiter van die jaar: addisionele ligas** *(Western Mounted Games)*
Paige Cronje

**Meeste punte ingesamel**
Mieke van den Berg

### Muurbal

**2024-dogterskampioen**
Melissa de Wet

**2024-seunskampioen**
JD Smuts

**SA Top-10 (o. 19)**
JD Smuts

**Provinsiale spelers**
Conrad Ehlers, Joseph Myers, Riaan Agenbacht, Dewald de Graaf, JD Smuts, Ruan Hendriks, Sebastian Swart, Melissa de Wet, Leila Retief & Dinique Booyens

### Drama

**Tonele en leerderproduksies**
Eendag as ek..., Katastrofe, Bult FM en Hurkules, Fairy Fails en Mal (oor haar)

**Beste ensemble**
Eendag as ek

**Mees belowende akteur**
Lesetja Mokalapo

**Mees belowende aktrise**
Nika Thuynsma

**Beste akteur**
Rian Knoesen

**Beste aktrise**
Lana Langeveldt

**Beste tegnies**
Kaitlin le Roux

### Fietsry


**Fietsryers van die jaar**
Jaco Aldum en Katrijn Botha

**Kapteine**
Pieter Kriek en Marle van Wyk

## KOOR

### Menlo-bodem ontvang internasionale besoek







Dit gebeur nie aldag dat internasionale koorsterre op Menlo-bodem toesak nie, maar dit is presies wat op Vrydag, 25 Oktober gebeur het. Wat 'n voorreg was dit nie om die internasionaal bekroonde Barnsley Youth Choir by die skool te ontvang nie? So gul was die verwelkoming by die skool dat die besoekers na hul asems gesnak het. As jy in Afrika is, sing jy 'n Afrika-werk en die besoekers het blitsig daarin geslaag om die werk onder die knie te kry. Vir die optrede het Veni Cantare hulle buiging gemaak en weereens bewys waarom Bertold Auerbach se woorde steeds waar is: "Music is the only universal language which needs no translation."

Ofskoon die besoekers 'n blitsbesoek op Menlo-bodem afgelê het, was dit lank genoeg om nuwe vriendskappe te smee. Die konsert was beslis een uit 'n miljoen! Baie dankie aan me. Jeanmari van Papendorp, die koorkomitee en koorlede wat almal ingespring het om die besoekers tuis te laat voel.
Ons maak gou weer so.

## KUNS

### Menlo-kunstenaars presteer in internasionale kompetisie

Vir die meeste mense sal 'n besoek aan die Metropolitan Museum of Art of die Louvre 'n droom bly, maar die kans is goed dat diegene wat wel daar besoek aflê Kayden Loedolff en Jealise Goosen se werke sal sien.

Hierdie twee talentvolle kunstenaars het aan die Bold Internasionale Eisteddfod deelgeneem en uitstekende prestasies behaal.


Kayden (gr. 11) het 'n *Emerald*-toekenning (95-100%) vir haar A4-potloodskets in die semifinale ronde behaal. Dieselfde skets het aan haar die louere in die afdeling vir potloodsketse in die finale ronde besorg.

Jealise Goosen (gr. 12) het tien verskillende kunswerke ingestuur en is met tien *Emerald*-toekennings (95-100%) in die semifinale ronde beloon. Haar skilderkuns in die pragtige Gouache-tegniek het ook aan haar 'n algehele eerste plek in die skilderkunsafdeling besorg.

Hartlik geluk aan die twee begaafde kunstenaars en aan Menlo se kunsdepartement onder leiding van me. Mariana de Klerk.
















# RUGBY

## Rugby verwelkom amper-gr. 8's!

Die Menlo-velde was verlede naweek 'n miernes van bedrywighede met die jaarlikse laerskole-oefenkamp wat plaasgevind het. Met meer as 50 entoesiaste spelers op die veld is daar hard gewerk én hard gespeel.

Die eerste dag van die oefenkamp is oudergewoonte aan kondisionering gewy, terwyl afrigting op die tweede dag boaan die rugbyspyskaart was. Na dese is elke o. 13 'n spesialis op die gebied van aanval, verdediging en besluitneming.

Baie dankie aan mnr. Dirk Odendaal wat aan die stuur van sake gestaan het asook aan die span bekwame afrigters wat gehelp het om van die kamp 'n onvergeetlike gebeurtenis te maak. Menlo-rugby sien daarna uit om die talentvolle o. 13's binnekort as volwaardige Parkies te verwelkom!








# ALUMNI

## Oud-Menloparkers op die kassie te sien

Indien jy wonder waarom suster Cecile Vlok, die nuweling in Binnelanders, bekend lyk, is dit omdat jy haar dalk al op Menlo-bodem gewaar het. Megan Vorster (2020) is die nuutste toevoeging tot die Binnelanders-rolverdeling en sy sluit haar by nog 'n oud-Menloparker, Je-ani Swiegelaar (nee, Naomi) aan. Die Insig is trots op hierdie twee Menlo-kultuurambassadeurs en hou hulle akteursloopbane met belangstelling dop.

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
*Menlo vir altyd!*

## 2024: Wat 'n jaar!

Dit was 'n voorreg om vanjaar oor die Parkies se prestasies te berig. Die Insig lê vir eers die pen neer, maar ouers kan gerus op die uitkyk wees vir die volgende belangrike inligting:

- 'n Skrywe oor die begroting
- 'n Skrywe oor handboeke en werkboeke
- Die Terugblik
  ('n opsomming van die jaar se hoogtepunte)

Die Insig wens die Parkies sterkte vir die res van die eksamen toe en sien daarna uit om die pen weer in 2025 op te tel.



# MARKPLEIN



DIS AMPER VAKANSIE
Kry blitsvinnige internet vir die hele familie!
wirulink
wireless • fibre • voice • data
www.wiru.co.za • 012 111 8300
RUSH NETWORK
MetroFibre
DFA
VUMA
Frogfoot
openserve




Pool & Spa Centre
Redes om ons te besoek
Water ontleding en behandeling
Kleinhandel van swembad- en spa-chemikalieë, toerusting en onderdele
Besproeiing herstel en installasie
Swembad lek opsporing
Opknapping van swembadstruktuur
Swembad en Spa toerusting, herstelwerk, diens en installasie
Jou plaaslike
Pool xpert
Sedert 1984
Kontak ons
012 993 2060/5165
Besoek ons webwerf
www.poolandspasa.co.za
Jody - 082 379 2350
Hendrihet - 082 408 3450
poolspacentre@gmail.com
546 Douglas Scholtz street, c/o January Masilela & Constantia Park Ridge Winkelsentrum
BLU52
ZODIAC
BARACUDA
Quality




PIETER CLASE
STUDIE- EN LOOPBAANVOORLIGTING
STUDY AND CAREER COUNSELLING
HOE WEET JY?
Of jou kind in Graad 9 op 'n veilige Graad 10-vakkeuse sal besluit wat alle opsies sal oophou?
Of jou kind in Graad 10, 11 of 12 op 'n realistiese beroeps- en studie-keuse sal besluit?
Of jou kind wat ongelukkig in sy/haar studierigting is, die regte studie-keuse gemaak het?
Met meer as 25-jaar ervaring in loopbaanvoorligting help ek graag met evaluering, konsultering, advies en persoonlike aandag.
BESOEK MY WEBWERF EN KONTAK MY VIR 'N KONSULTASIE.
Dr Pieter Clase
BA, DEd (Opvoedkundige Sielkunde)
Geregistreer by SACDA as Beroepsontwikkelingspraktisyn
082 924 4248
www.pieterclase.co.za




DO NOT MISS THIS!
D.O.E.
DRIVERS ON EDUCATION
D.O.E. (Drivers On Education) is a driving school that offers comprehensive training for learners and drivers.
We provide flexible payment options, including a credit plan to be able to pay over 6 months and to suit your needs best.
Contact us
076 156 7273
Visit our website
WWW.DRIVERSONEDUCATION.CO.ZA
REGISTER NOW
Full Packages Available that suit your needs.
6 - MONTHS PAYMENT OPTIONS




NMI TOYOTA MENLYN
TOYOTA
COROLLA CROSS
1.8 XS CVT
For Only
R409 900
012 995 1700
https://nmitoyota.co.za/menlyn/
NMi
125 DALLAS AVE, WATERKLOOF GLEN PRETORIA 0010




"laai asseblief my apteek app af en kry 10% terug op my tala produkte en my sjokolade in my apteek en by castlewalkpharmacy.com"
CASTLE RIDGE
CASTLE WALK
APTEKE & KLINIEKE
Longevity specialists
miPHY